

**Maandag 16 Mei**

**Skrifgedeelte: Johannes 7:37-52**

**Fokusgedeelte: Johannes 7:37-39**

**Die vrug van die Heilige Gees moet as lewende water uit ons vloei**

Aan die einde van die landbouseisoen breek die grootste fees, die Loofhuttefees, aan. Die druiwe, olywe en dadels is ryp en word ingesamel. Vir die Loofhuttefees bou elkeen vir sy gesin 'n tak- en blarehut en bly daarin vir sewe dae.

Gedurende die fees herdenk die Jode die Here se watervoorsiening tydens die woestynreis, veral die wonder van water uit die rots. Die Loofhuttefees was 'n uitbundige waterfees waarin die feesgangers elkeen van die sewe dae in 'n optog na die Siloamfontein gehou, water geskep en dit dan op die brandofferaltaar uitgegiet het. Hulle het voortdurend gesing en die vrugte as teken van die oes in die lug gehou.

Jesus was nie van die begin van die fees teenwoordig nie. Dan maak Hy as 'n verrassing sy verskyning net op die regte oomblik. Op die laaste dag van die fees, terwyl die volk uitroep: "Met blydschap sal julle water skep uit die fontein van redding!" (Jes. 12:3), het Jesus opgestaan en uitgeroep sodat almal kon hoor: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink." Daarmee verklaar Hy dat Hy die fontein is waaruit ware en ewige redding kom. Wie in Hom glo, in 'n innige verhouding met Hom leef, kry die ware lewende water.

Jesus roep verder uit dat die binneste van die een wat in Hom glo, strome lewende water sal vloei. Christus is die Fontein waaruit die lewende water verkry kan word, en die lewende water is sy lewende Gees. Die stroom van die Heilige Gees vloei in ons en deur ons sodat ons die vrug van sy Gees aan ander kan deurgee. Terwyl ons God prys en dank vir sy Gees, moet ons onself ondersoek: Gee ek liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing deur aan elkeen wat die Here op my pad bring?

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Prof. BJ de Klerk (Ben) (emeritus)*